

# EKONOMIESE REALITEITE VAN VERSNELDE LAMSEISOENE

## DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN

---

Skaapboerdery is geskoei op 'n stelsel van natuurlike kuddebestuur sedert skape sowat 12 000 jaar gelede vir die eerste keer makgemaak is. Dit is steeds die stelsel wat by verre in die meeste lande regoor die wêreld toegepas word. Hierdie tradisionele stelsel maak gebruik van 'n ooi se natuurlike neiging om in die herfs, wanneer daglengtes korter raak, dragtig te raak en dan in die lente, wanneer natuurlike weiding volop is, te lam. Sedertdien is baie skaaprasse egter al geselekteer om in die lente gedek te word en in die herfs te lam wanneer ander tipes voedsel, soos oesreste, weer volop is.

Meer lammers beteken meer inkomste. Gevolglik eksperimenteer verskeie boere en navorsingsinstansies nou al etlike dekades lank om die aantal lammers wat 'n ooi kan produseer te verhoog deur of die ooi meer lammers per keer te laat kry of om 'n ooi meer gereelder as een keer per jaar te laat lam. Sodoende kan meer lammers per ooi per jaar geproduseer word.

Verskeie stelsels is al op die proef gestel: twee lamseisoene per jaar, drie lamseisoene in twee jaar, vier lamseisoene in drie jaar maar die een wat skynbaar die beste resultate opgelewer is die sterstelsel van die Cornell-universiteit in die VSA waar 'n ooi vyf keer in drie jaar lam. Dit is al in 1982 ontwikkel en het geleidelik gewild geraak. In wese behels dit dat 'n ooi net meer as vyf maande lank dragtig is, dat die lammers op die ouderdom van agt weke gespeen word, dat die ooi vier weke herstelkans kry en dan weer vir 'n volgende lamsiklus gedek word. Sodoende lam sy elke agt maande en as sy dan nog meerlinge ook kan produseer is 'n jaarlikse lampersentasie van 180% nie ongewoon in so stelsel nie maar mens wil onwillikeurig die vraag vra hoe versnelde lamstelsels eerstens teenoor mekaar vergelyk en dan uiteraard ook hoe dit teenoor gewone ekstensiewe jaarlikse lamstelsels vaar.

#### **Teen die natuur**

Versnelde lamseisoene trek voordeel uit die vrugbaarheid en kort dragtigheidsperiode van skape. Daarom maak sulke lamstelsels daarop staat dat:

- Ooie met meer gereelde intervalle moet lam;
- Die duur van die lamperiode, van die ooi wat eerste lam tot die ooi wat laaste lam, verkort word;
- Die oorgrote aantal ooie meerlinge moet kan produseer;
- Ooie vinniger na die lamseisoen weer dekbaar moet wees;
- Mortaliteite, veral by meerlinge, tot die minimum beperk moet word;
- Die ooie se melkproduksie hoog moet wees om meerlinge te kan groot maak;
- Groot hoeveelhede voer onbeperk beskikbaar moet wees.

Die kort en die lank is dus dat versnelde lamseisoene téén die natuur van die ooi én die natuurlike beskikbaarheid van voedsel is en dus drastiese ingryping deur die boer vereis. Gevolglik gaan sulke stelsels noodwendig gepaard met kunsmatige aansporing van die ooi se estrum, sinkronisasie van 'n kudde se estrum, in sommige gevalle die gelyktydige kunsmatige bevrugting van die kudde deur middel van laparoskopie en uiteraard dan ook die verskaffing van volvoerrantsoene aan ooie én lammers, meestal

in lamhokkies. Die somtotaal hiervan is dat ñ versnelde lamseisoenstelsel aansienlik meer uitgawes tot gevolg het en uiteraard ook ñ baie groter mate van bestuur verg.

### **Vergelykende syfers**

Tabel 1 bevat vergelykende syfers van verskillende lamstelsels. Die volgende aannames is van toepassing:

- Die effektiewe speenpersentasie is bereken vanaf die ooie wat gedek is en sluit dus ooie wat nie dragtig was nie, ooie wat dragtig was maar nie gelam het nie en lammers wat gevrek het in.
- Hoe korter die lamintervalle, hoe ligter is die lammers se speengewig omdat die ooi nie tyd gegun word om self die lam tot by ñ swaarder gewig te voed nie.
- Ligter lammers het ñ premie van R2.00/kg bo die normale prys as gevolg van die aanvraag daarvan deur voerkrale.

Volgens tabel 1 lewer die intensiewe stelsel met ñ lamseisoen van elke nege maande die hoogste inkomste, naamlik R1 960/ooi/jaar. Dit word behaal met 1.6 lammers per ooi per jaar wat gemiddeld 34 kg weeg en teen R32/kg verkoop word. Die inkomste sluit ook R200 se wolverkope in.

Tabel 1 toon aan dat die ekstensiewe stelsel, wat van natuurlike weiding in die somer en oesreste in die winter gebruik maak, se totale uitgawes die laagste is, naamlik R475/ooi/jaar. Die intensiewe stelsel, waar daar elke agt maande gelam word, se totale uitgawes is die hoogste, naamlik R1 579/ooi/jaar. Gevolglik is hierdie stelsel se wins van R238/ooi/jaar ook die laagste. Die ekstensiewe stelsel, wat van natuurlike weiding in die somer en groenvoer in die winter gebruik maak, se wins is die hoogste, naamlik R1 004/ooi/jaar.

Die totale voeruitgawes van die intensiewe stelsels is noodwendig aansienlik hoër as dié van die ekstensiewe stelsels omdat laasgenoemde grootliks van natuurlike voedselbronne gebruik maak. Met uitsondering van die ekstensiewe stelsel op oesreste, produseer al die stelsels gemiddeld net meer as 50kg vleis/ooi/jaar, ongeag die hoeveelheid lammers wat geproduseer word. Die intensiewe stelsel, met lammers elke tien maande, produseer die meeste, naamlik 56 kg vleis/ooi/jaar. Hoewel die ekstensiewe stelsel met oesreste net 35 kg vleis/ooi/jaar produseer, kos dit slegs R5/kg aan voer (direkte én toegedeelde voerkoste) om hierdie vleis te produseer terwyl dit R22 aan voerkoste behoort om een kg vleis in ñ agt maande intensiewe lamstelsel te produseer. Die korter lamintervalle beteken dus nie noodwendig meer vleisproduksie nie en verlaag ook nie noodwendig die voerkoste om hierdie vleis te produseer nie.

### **Skaalvoordele**

Daar is wel skaalvoordele betrokke om intensief met skape te boer. Tabel 2 toon die resultate wanneer die boerdery se produksie-eenhede meer word. Dit is onder die aanname dat ekstensiewe skaapboerdery nie so maklik verder uitgebrei kan word nie omdat dit beteken dat nog grond bygekoop moet word. Daar teenoor kan intensiewe skaapboerdery maklik uitgebrei word omdat ruimte nie noodwendig ñ probleem behoort te wees nie.

Hoewel ekstensiewe skaapboerdery met groenvoer se wins/ooi die hoogste is, toon tabel 2 aan dat die wins/boerdery met 100 ooie R100 405 sal behoort en daar sal bly omdat uitbreiding beperk is. Daar teenoor kan die intensiewe stelsel, wat elke twaalf maande lam, se wins/boerdery tot R246 671 verhoog word indien daar 500 ooie in hierdie stelsel in produksie is. Skaalvoordele maak dus ñ verskil wanneer die onderskeie stelsels se winsgewendheid met mekaar vergelyk word.

## Hulpbronbenutting

Enige boerderystelsel moet uiteindelik oor die optimale, volhoubare benutting van beskikbare hulpbronne gaan. Die basiese beginsel is dat die boer self moet besluit hoeveel hy van 'n produk kan produseer met die hoeveelheid arbeid, roumateriaal en kapitaal wat hy tot sy beskikking het.

Daar is eerstens 'n fisiese verwantskap, byvoorbeeld die verwantskap tussen die hoeveelheid voer om 'n hoeveelheid vleis te produseer. Die fisiese hoeveelhede word dan tweedens in 'n finansiële verwantskap uitgedruk, naamlik die uitgawe aan 'n kilogram voer teenoor die inkomste van 'n kilogram vleis. Waar een van die komponente binne hierdie verwantskap 'n beduidende impak op die ander een het, soos byvoorbeeld die voerkoste van intensiewe lamstelsels op vleisproduksie, raak dit des te meer van kritiese belang om die optimale punt van produksie te vind én te handhaaf. Intensiewe lamstelsels met volvoerrantsoene laat min ruimte om van hierdie optimale punt af te wyk terwyl ekstensiewe lamstelsels die boer meer ruimte gee om sy skaapvertakking optimaal binne sy totale boerdery aan te wend.

### Bronne:

1. *Vyf lammeroeste in drie jaar met ster-stelsel*. Hugo Lochner, Landbouweekblad, 15/09/1989.
2. *Sukses met intensiewe lamstelsel duur voort*. Charl van Rooyen, Landbouweekblad, 18/01/2013.
3. *Sheep Reproduction: Accelerated Lambing Systems*. Michael L. Thonney, Cornell University, Ithaca, New York, U.S.A.
4. Faans Pretorius, Telwiedre Voere.
5. *Vertakkingsbegrotings 2016/17*, Computus Bestuursburo.

---

**BETHLEHEM**  
**Maart 2017**

**TABEL 1: VERGELYKENDE SYFERS VAN LAMSTELSELS**

	<i>Ekstensief met</i>		<i>Intensief met volvoerrantsoene</i>			
	<i>Groenvoer</i>	<i>Oesreste</i>	<i>Lamintervalle</i>			
<i>Rand per ooi per jaar:</i>	<b>12 Mnde</b>	<b>12 Mnde</b>	<b>8 Mnde</b>	<b>9 Mnde</b>	<b>10 Mnde</b>	<b>12 Mnde</b>
<i>Effektiewe speen % pj</i>	120	100	180	160	144	120
<i>Speengewig</i>	42	35	28	34	39	43
<i>Prys/kg</i>	30	32	32	32	30	30
<i>Wolverkope</i>	200	200	200	200	200	200
<i>Veeverkope</i>	1 512	1 120	1 617	1 760	1 693	1 552
<b>BRUTO PRODUKSIEWAARDE</b>	<b>R 1 712</b>	<b>R 1 320</b>	<b>R 1 817</b>	<b>R 1 960</b>	<b>R 1 893</b>	<b>R 1 752</b>
<i>Lekke en Kragvoer</i>	101	60	1 123	1 138	1 137	898
- <i>Somerlek/Volvoer</i>	6	6	1 033	994	957	729
- <i>Winterlek</i>	7	54	0	0	0	0
- <i>Kruipvoeding</i>	88	0	90	144	180	168
<i>Veemedisyne</i>	49	21	49	49	49	49
<i>Skandering</i>	18	0	26	23	21	18
<i>Sinkronisasie</i>	0	0	77	68	61	51
<i>Veearts</i>	6	6	6	6	6	6
<i>Ramaankope</i>	31	31	61	49	41	31
<b>DIREKTE UITGAWES</b>	<b>R 204</b>	<b>R 118</b>	<b>R 1 342</b>	<b>R 1 334</b>	<b>R 1 316</b>	<b>R 1 052</b>
<i>Skeerkoste</i>	7	7	7	7	7	7
<i>Bemerkingskoste</i>	111	86	118	127	123	114
<i>Vervoerkoste</i>	2	2	4	3	3	2
<b>VERANDERLIKE UITGAWES</b>	<b>R 121</b>	<b>R 95</b>	<b>R 129</b>	<b>R 138</b>	<b>R 133</b>	<b>R 123</b>
<i>Arbeid</i>	50	62	75	67	60	50
<i>Koste van aangeplante weidings</i>	300	122	0	0	0	0
<i>Reparasies</i>	33	79	33	33	33	33
<b>TOEGEDEELDE UITGAWES</b>	<b>R 383</b>	<b>R 263</b>	<b>R 108</b>	<b>R 100</b>	<b>R 93</b>	<b>R 83</b>
<b>TOTALE UITGAWES</b>	<b>R 708</b>	<b>R 475</b>	<b>R 1 579</b>	<b>R 1 571</b>	<b>R 1 541</b>	<b>R 1 258</b>
<b>VERTAKKINGSMARGE</b>	<b>R 1 004</b>	<b>R 845</b>	<b>R 238</b>	<b>R 389</b>	<b>R 352</b>	<b>R 493</b>
<b>VLEISPRODUKSIE (kg/ooi/pj)</b>	<b>50</b>	<b>35</b>	<b>51</b>	<b>55</b>	<b>56</b>	<b>52</b>
<b>VOERKOSTE/Kg VLEIS</b>	<b>R 8</b>	<b>R 5</b>	<b>R 22</b>	<b>R 21</b>	<b>R 20</b>	<b>R 17</b>

**TABEL 2: SKAALVOORDELE VAN LAMSTELSELS**

	<i>Ekstensief met</i>		<i>Intensief met volvoerrantsoene</i>			
	<i>Groenvoer</i>	<i>Oesreste</i>	<i>Lamintervalle</i>			
	<b>12 Mnde</b>	<b>12 Mnde</b>	<b>8 Mnde</b>	<b>9 Mnde</b>	<b>10 Mnde</b>	<b>12 Mnde</b>
<b>Vertakkingsmarge</b>	<b>R 1 004</b>	<b>R 845</b>	<b>R 238</b>	<b>R 389</b>	<b>R 352</b>	<b>R 493</b>
<i>Aantal ooië</i>	100	100	100	100	100	100
<b>Wins/boerdery</b>	<b>R 100 405</b>	<b>R 84 470</b>	<b>R 23 769</b>	<b>R 38 931</b>	<b>R 35 162</b>	<b>R 49 334</b>
<i>Aantal ooië</i>	-	-	250	250	250	250
<b>Wins/boerdery</b>	-	-	<b>R 59 422</b>	<b>R 97 328</b>	<b>R 87 906</b>	<b>R 123 335</b>
<i>Aantal ooië</i>	-	-	500	500	500	500
<b>Wins/boerdery</b>	-	-	<b>R 118 843</b>	<b>R 194 656</b>	<b>R 175 812</b>	<b>R 246 671</b>